

Sprei dit breed uit!

BENODIGDHEDE: Ongeveer 20 bolle Twilleys Lyscot Nr. 8 (150-g-bolle); hekelpen van 1,50 mm.

MATE: Ongeveer 183 X 183 cm.

SPANNING: 1 vierkantige motief = 28 x 28 cm; breedste deel van omranding is 31 cm van rand van deken tot punt van rand.

AFKORTINGS: gs - glipsteek; ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; st(e) - steek (steke); smst(e) - springmielisteek (springmielisteke, d.w.s., 4 langbene in dieselfde steek of spatie, trek pen uit lus, steek pen bo in eerste langbeen onder albei lusse deur, vang lus wat laat val is en trek dit deur, heg vas met 1 kettingsteek; sp(s) - spatie (spasies); herh - herhaal; vlg - volgende.

Spasie: 1lb om mee te begin, *2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st.

Let wel: Draai aan rand van omranding met 5ks vir 1e sp; maar by die vierkantige motief begin 1e sp met 4ks i.p.v. met 5ks, en eindig rondte met gs in 2e ks.

MOTIEF: Begin met 10ks, gs in 1e ks om ring te vorm.

1e rondte: 16kb in ring.

2e rondte: (1lb in kb, 1smst in vlg kb) 8 keer.

3e rondte: *(1lb in lb, 2ks) 2 keer, (1lb, 3ks, 1lb) in smst, 2ks; herh vanaf * rondom.

4e rondte: *(1lb in lb, 2ks) 2 keer, 1lb in lb, (1smst, 3ks, 1smst) in 3ks-sp, 1lb in lb, 2ks; herh vanaf * rondom.

5e rondte: *(1lb in lb, 2ks) 2 keer, 1lb in lb, 1smst in smst, (1smst, 3ks, 1smst) in 3ks-sp, 1smst in smst, 1lb in lb, 2ks; herh vanaf * rondom.

Raadpleeg verder diagram en voltooi hoeke soos uiteengesit.

OMRANDING: Begin met 117ks.


1e ry: Begin in 4e ks vanaf hekelpen (die eerste 3ks tel as 1e lb); hekel 7lb, 5sps, 1smst in vlg ks, 1lb in vlg ks, 8sps, 1smst in vlg ks, 1lb in vlg ks, 2ks, 1lb in elk van vlg 3ks, 1sp, 1smst in vlg ks, 1lb in vlg ks, 6sps, 1smst in vlg ks, 1lb in vlg ks, 1sp, 1smst in vlg ks, 1lb in vlg ks, 6sps, 1smst in vlg ks, 1lb in vlg ks, 1sp, draai met 5ks.

2e ry: 9sps, 1smst, 9sps, 1lb in elk van vlg 3lb, 9sps, 1smst, 1sp, 1smst, 4sps, 1lb in elk van vlg 7lb, 8ks om te draai.

3e ry: 7lb, (d.w.s., 6lb in ks soos uiteengesit aan begin van 1e ry, dan 1lb in 1e lb van laaste ry), 5sps, raadpleeg nou diagram en werk daarvolgens. Hekel voort tot rand lank genoeg is om om drie kante van deken te pas, sorg vir genoeg ekstra lengte om volligheid by hoeke te kan inruim. Werk rand aan drie kante van deken vas. ●



Versamelstuk



☑ — springmielisteek

□ — spasie

⊗ — blokkie

DIAGRAM OMRANDING




DIAGRAM: VIERKANTIGE MOTIEF